

Woensdag 14 Maart

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:1-6

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:1, 2

## Christus se lyding en ons lyding

Die gelowiges aan wie Petrus geskryf het, was mense wat swaar onder vervolging gely het. Hulle was in Klein-Asië die uitlanders, en daarom byna vanselfsprekend die veront-regtes. Om hulle te bemoedig, sê Petrus: *“Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte bewapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afge-reken het ...”*

Tot watter mate is ons bereid om ter wille van Christus te ly? Om te sê jy glo, is maklik, maar wat van die lyding – liggaamlik en om selfs doodgemaak te word? In ons land word dit deesdae al hoe moeiliker om jou geloof vry en onafhanklik te beoefen. Toe Paulus aan die Filippense oor sy geloof in Christus en sy diensbaarheid in die koninkryk skryf, het hy gesê: *“Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood ...”* (Fil. 3:10).

Christus het sy lewe vir ons afgelê. Omdat ons deur 'n ware geloof in Hom ingelyf is, behoort ons ook bereid te wees om ons lewe vir Hom af te lê. As jy bereid is om liggaamlik vir Christus te ly en hierdie tydelike aardse lewe op te offer, sê Petrus, *“... sal jou lewe, vir die res van jou aardse bestaan, nie meer beheers word deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God”* (vs 2).

Wêreldse begeertes soos losbandigheid, dronkenskap, wellus en afgodery is nie meer deel van iemand wat in Christus lewe nie. Ons nuwe lewe in Christus word onder leiding van die Heilige Gees volgens God se wil beheer.

Sing: Skrifberyming 14-4:1, 2, 3

Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)